

BELEID TEN OPSIGTE DIE GEBRUIK VAN TABLETTE DEUR LEERDERS BY LAERSKOOLO RANDHART

Hierdie dokument is die beleid ten opsigte van die gebruik van tablette deur leerders, van Laerskool Randhart, soos deur die beheerliggaam op 22 September 2016 goedgekeur. Die beleid is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996; die Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (Kennisgewing 1040 gepubliseer in Staatskoerant 22751 van 12 Oktober 2001) en ander toepaslike wetgewing, ten opsigte van die gebruik, sekuriteit, vervanging van en verbode aktiwiteite op tablette by die skool, welke tablet as hulpmiddel dien in die onderrigproses.

1. Definisies

In hierdie dokument sal die woorde en begrippe hieronder na verwys die volgende betekenisse hê en verwante woorde en begrippe sal dieselfde betekenisse hê.

- 1.1 “die Skool” beteken Laerskool Randhart;
- 1.2 “gebruik” indien dit na die gebruik van die tablet verwys, sal die gebruik van die netwerk en die tablet insluit;
- 1.3 “leenbesit” beteken die tydperk, wat nie 10 (tien) dae mag oorskry nie en waartydens ’n leerder op eie risiko die gebruik van ’n tablet van die Skool sal geniet en wat behoorlik aan die leerder deur ’n onderwyser uitgereik is;
- 1.4 “leerder” beteken ’n kind wat behoorlik by die Skool ingeskryf is;
- 1.5 “netwerk” beteken die elektroniese netwerk wat deur die Skool gratis tot beskikking van die leerders daar gestel word en waardeur inligting per Wi-Fi aan tablette verskaf word;
- 1.6 “onderwyser” beteken enige persoon in diens van die Skool aan wie se gesag ’n leerder onderworpe is;
- 1.7 “onwettige gebruik” beteken enige van die volgende handeling:
 - 1.7.1 Neem van vernederende foto’s, video’s of klankopnames van leerders, ouers of onderwysers, die Skool en terrein;
 - 1.7.2 Koop of bestel van onwettige middels;
 - 1.7.3 Toegang versoek tot die aflaai van en aanstuur van gewelddadige beelde, pornografiese materiaal of iets wat enige wet oortree;

- 1.7.4 Handeling wat kopiereg skend;
- 1.7.5 Gebruik van anoniem e-pos adresse;
- 1.7.6 Vervalsing van e-posse;
- 1.7.7 Gebruik van kru, rassistiese of beledigende taal;
- 1.7.8 Lastigvalling, belediging of verkleining van persone; en
- 1.7.9 Verspreiding van rekenaarvirusse of “malware”.
- 1.8 “ouer” beteken die ouer of wettige voog van ’n leerder soos beskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 (soos gewysig);
- 1.9 “personeel” sal onderwyser beteken;
- 1.10 “selfoon” beteken ’n instrument wat primêr vir kommunikasie in elektroniese formaat of deur spraak gebruik word;
- 1.11 “spesifikasie” beteken die minimum vereistes waaraan die tablet moet voldoen ten einde doeltreffend en tot voordeel van die leerder te funksioneer, soos voorgeskryf deur die Skool en die verskaffer van die elektroniese handboeke, van tyd tot tyd;
- 1.12 “tablet” beteken ’n elektroniese toestel vir die stoor van inligting en elektroniese inligting, maar sluit nie ’n selfoon in nie;
- 1.13 “toepassing” beteken ’n program vir die gebruik van inligting;
- 1.14 “Wi-Fi” beteken die koordlose stelsel wat die skool tot beskikking van leerders en onderwysers stel om met die Skool se netwerk te skakel;
- 1.15 Enige verwysing na meervoud sal die enkelvoud insluit;
- 1.16 Enige verwysing na een geslag sal ook die ander geslag insluit; en
- 1.17 Enige verwysing na dae verwys na ’n weeksdag met uitsondering van ’n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag en sal bereken word deur die uitsluiting van die eerste en die insluiting van die laaste dag.

2. Doel van die beleid

Die doel van die beleid is om riglyne daar te stel waarbinne leerders en onderwysers tablette kan gebruik en aanwend as onderrighulpmiddel.

3. Omvang

Hierdie beleid is van toepassing op alle leerders en personeel.

4. Tablet as instrument

- 4.1 Die tablet word self deur die ouer of leerder aangekoop en bly die eiendom van die leerder.
- 4.2 Die Skool kan wel as skakelpersoon optree tussen verskaffers en ouers op om sodoende beter pryse te beding. Die Skool aanvaar egter geen verantwoordelikheid vir enige tablet deur 'n ouer aangekoop nie en berus die risiko van verlies of skade in en tot die tablet by die ouer.
- 4.3 Die ouer moet toesien daartoe dat enige tablet wat aangekoop word wel aan die minimum spesifikasies voldoen. 'n Tablet wat nie aan die spesifikasies voldoen nie gaan nie behoorlik binne die Skool se netwerk funksioneer nie.
- 4.4 Minimum spesifikasie is soos volg:

Verwerker	Duo Core/Quad Core
RAM	1GB
Geheue	8/16 Gb
Android 4.1 of hoër / iOS 7 of Windows 8.1	

- 4.5 Die Skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige skade of diefstal van enige tablet nie, selfs al sou dit op die terrein plaasvind.

5. Elektroniese handboeke

- 5.1 Ouers is self verantwoordelik vir die aankoop van elektroniese handboeke.
- 5.2 Onder buitengewone omstandighede mag ouers/leerders wat nie die tablet wil gebruik nie wel steeds van 'n handboek gebruik maak wat deur die Skool voorsien sal word (vir solank die huidige handboeke beskikbaar bly). Hierdie leerders is egter steeds onderhewig aan die handboekbeleid van die Skool.
- 5.3 Die Skool se doelwit is egter dat elke leerder oor 'n tablet moet beskik.
- 5.4 Ouers word versoek om die bewys van aankoop van die elektroniese handboek so spoedig doenlik aan die onderwyser, belas met inligtingstechnologie, te verskaf. Dit sal die onderwyser in staat stel om die leerder behulpsaam te wees met die laai van die toepassing en enige ondersteuning wat van die verskaffer benodig word.

6. Tabletondersteuning

Die Skool het 'n onderwyser aangestel vir ondersteuning ten opsigte van tablette. Sy taak behels kortliks:

- 6.1 Die daaglikse bestuur van tablette by die Skool;
- 6.2 Opstel van elke leerder se tablet wat betref wagwoorde ens.;
- 6.3 Ondersteuning aan onderwysers, ouers en leerders wat betref die effektiewe gebruik van tablette in die onderrigproses;
- 6.4 Ondersteuning aan ouers/leerders wat betref die tablet as onderwys hulpmiddel;
- 6.5 Voorsiening van raad aan ouers wat betref die aankoop en herstel van tablette; en
- 6.6 Die effektiewe funksionering van die Wi-Fi-stelsel by die Skool.

7. Leen van tablet

- 7.1 Die Skool sal in uitsonderlike gevalle tablette aan leerders op leenbesit beskikbaar stel indien die leerder se tablet beskadig of gesteel is.
- 7.2 Hierdie tablette word egter slegs beskikbaar gestel op tydelike basis en terwyl die tablet in besit van die leerder is, sal die risiko van skade of verlies by die ouer van die leerder berus.
- 7.3 So spoedig moontlik nadat die leerder se tablet herstel of vervang is, moet die Skool se tablet aan die Skool terugbesorg word in die toestand waarin dit aan die leerder oorhandig is.
- 7.4 Die uitleen van 'n tablet sal nooit langer as 10 (tien) dae duur nie.
- 7.5 Alhoewel die Skool wel 'n aantal tablette beskikbaar stel vir leenbesit, word daar geen waarborg verskaf dat daar aan elke leerder wat 'n behoefte aan 'n tablet het, se behoefte voorsien kan word nie.

8. Algemene gebruiksbeginsels

8.1 Toelaatbare gebruike

- 8.1.1 Gedurende skoolure mag die tablet vir opvoedkundige doeleindes aangewend word.
- 8.1.2 Elektroniese handboeke van IT School Innovation en ePub word voorgeskryf en mag op die tablet gebruik word.
- 8.1.3 Leerders mag opvoedkundige tuisblaai raadpleeg.
- 8.1.4 Leerders mag die intranet van die Skool besoek en media wat deur onderwysers tot hulle beskikking gestel is op die tablet aflaai.

8.2 **Ontoelaatbare gebruike**

- 8.2.1 Leerders mag onder geen omstandighede tablette gebruik vir speletjies gedurende amptelike skoolure nie. Laasgenoemde kan wel plaasvind indien die onderwyser toestemming verleen het en waar die speletjie wel opvoedkundige waarde het.
- 8.2.2 Die tablette mag nie in die kleedkamers van die Skool gebruik word nie.
- 8.2.3 Leerders mag geen opnames van mede-skoliere of personeel deur middel van die tablet maak nie.
- 8.2.4 Geen leerder mag gedurende skoolure enige e-pos, SMS, Whatsapp of enige ander tabletkommunikasie gebruik om met mede-leerders of ouers te kommunikeer nie en ook nie op enige sosiale media soos Facebook, Twitter en dies meer teenwoordig wees of kommunikeer nie.
- 8.2.5 Sou die tablet oor 'n selfoonfunksie beskik, mag geen oproep vanaf die tablet gedurende skoolure gemaak word nie en die tablet moet op die "silent" verstelling wees.
- 8.2.6 Tablette mag nie tydens eksamen- of toetsessies gebruik word nie tensy die tablet spesifiek vir hierdie doel gemagtig is.
- 8.2.7 Wagwoorde en gebruikersname mag nie gedeel of uitgeruil word nie.
- 8.2.8 Die Wi-Fi-netwerk is kosteloos tot beskikking van alle leerders. Hierdie netwerk mag egter slegs aangewend word vir skoolsake en opvoedkundige doeleindes.

8.3 **Daaglikse pligte van leerder**

- 8.3.1 Om die tablet skoon en netjies te onderhou.
- 8.3.2 Die tablet elke aand te herlaai.
- 8.3.3 Om nie die tablet aan ander leerders te leen nie.
- 8.3.4 Om nie ander leerders se tablette te leen of beskadig nie.
- 8.3.5 Om kos en vloeistowwe weg te hou van die tablet af.
- 8.3.6 Gebruik die tablet slegs vir goedgekeurde gebruike en vermy onwelvoeglike gebruike.
- 8.3.7 Vra toestemming van 'n onderwyser alvorens enige media met 'n klankbaan gespeel word, foto's vertoon word of foto's geneem word.

- 8.3.8 Om die naam, graad en kontaknommer van die leerder op die tablet aan te bring of op enige ander manier die tablet smaakvol herkenbaar te maak (byvoorbeeld 'n foto van die leerder as "wallpaper" te gebruik).
- 8.3.9 Om periodiek die sagteware (Android, Windows of IOS) van die tablet na die nuutste weergawe op te dateer.

9. Misbruik van tablette

- 9.1 Indien 'n leerder hom/haarself skuldig maak aan die oortreding van hierdie beleid is die leerder steeds onderhewig aan dissiplinêre maatreëls soos uiteengesit in die gedragskode van die Skool.
- 9.2 Daar kan wel van ouers verwag word om tablette te vervang, sou daar bewys kon word dat leerders wel doelbewus 'n ander leerder se tablet beskadig het. Die Skool gaan egter nie as derde party optree in so 'n geval nie. Kontakbesonderhede van die relevante partye sal wel aan relevante partye voorsien word. Die Skool se gedragskode kan egter wel in laasgenoemde geval in werking tree.

10. Kopiereg

- 10.1 Kopiereg bestaan op die elektroniese handboeke wat deur ouers vir leerders aangekoop word.
- 10.2 Die uitruil of oor laai van hierdie inligting na 'n ander tablet stel 'n oortreding van die kopiereg daar en stel die pleger van die daad en ontvanger van die inligting bloot aan strafregtelike vervolging en sivilregtelike aanspreeklikheid.
- 10.3 Die Skool verkeer onder 'n verpligting om enige gevalle waar die bogemelde dade bespeur word aan die verskaffer te openbaar.

11. Versekering en sekuriteit

- 11.1 Die Skool verskaf geen korttermynversekering vir die tablet van die leerder nie en ook nie vir enige leentablet nie.
- 11.2 Ouers dra self die verantwoordelikheid om hulle kinders se tablette te verseker teen skade of diefstal sou hulle so verkies.
- 11.3 Enige tablet wat met 'n simkaart toegerus word, moet aan die RICA-vereistes van die staat voldoen en moet, in die geval van diefstal, ook by die owerhede gerapporteer word.

- 11.4 Ouers word daarop gewys dat, omdat 'n tablet ook as 'n selfoon gebruik kan word, sodanige tablet, in die geval van diefstal wel geswartlys moet word deur die EMEI-nommer van die tablet te laat lys. Hierdie vereiste spruit voort uit wetgewing en mag tot strafregtelike vervolging lei indien die toestel in die pleeg van 'n misdaad gebruik word en nie geswartlys is nie.
- 11.5 Die Skool se verantwoordelikheid ten opsigte van veiligheid van kinders is beperk tot die skoolterrein. Die skool mag geen sekuriteit buite die skoolgronde verskaf nie, aangesien dit kragtens wetgewing die uitsluitlike jurisdiksie van die Suid-Afrikaanse Polisie is.
- 11.6 Ouers word ook daarop gewys dat enige tablet wat buite die skoolgronde gebruik word om met die internet te skakel nie deur enige rekenaarsekuriteit van die Skool beskerm word nie en word ouers en leerders gemaan om die nodige rekenaarsekuriteit op die tablet te laai.
- 11.7 Die Skool verskaf verder geen uitdruklike of geïmpliseerde waarborg dat die Wi-Fi-netwerk van die skool geen rekenaarvirsse op die tablet kan laai nie en aanvaar dus geen verantwoordelikheid vir enige sodanige virus wat op 'n tablet gelaai mag word nie.